

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:13

Lof aan God vir hemelse seëninge

Waarom dink ons as ons die woord “seën” hoor? Liggaamlike gesondheid? Rykdom? Sukses by die werk? Goeie verhoudings met familie en vriende? Hierdie is alles dinge wat in die gedagtes opkom wanneer ons die woord *seën* hoor.

Maar in Efesiërs 1 lees ons dat ons God moet loof vir “hemelse seëninge”. Hierdie hemelse seëninge gaan bo aardse seëninge uit. Dit word verbind aan God se verbondsbeloftes en die redding wat Christus gebring het.

Ons moet baie mooi besef dat dit die Vader is wat die bron is van alles seëninge. As ons sê dat ons geseën word, beteken dit dat daar iets aan ons geskenk word wat ons nie self kan produseer nie. Die Here gee vir ons iets wat onself nooit kan bewerk nie. En dit word beklemtoon dat hierdie seëninge aan ons gegee word in Christus.

Ons lees ook dat ons deur die Heilige Gees beseël is. Wat beteken dit? Eerstens is dit iets wat ervaar word. Toe die Heilige Gees uitgestort is in Handeling 2, kon mens dit sien, kon mens sien wat hierdie seël vir die dissipels beteken het. Hulle was oorweldigend gevul met blydskap en vreugde. Dit is iets wat gesien kan word, beleef kan word, ervaar moet word. Jy is anders, jy is nuut!

Die Heilige Gees getuig, verseël jou in jou nuwe amp, jou nuwe menswees, vul jou met die grootste vreugde wat al ooit ervaar is. Bevestig in jou hart aan Wie jy behoort, wie se erfgenaam jy is, vir Wie jy in alles wil en sal en kan en moet lewe! Deur Efesiërs 1 wil die Here ons troos met die wete dat die feit dat Hy ons eienaar is, gewaarborg is. Efesiërs 1 is veronderstel om ons te laat veilig voel by God en te laat vertrou op sy krag. Hoewel dit soms bitter swaar gaan met die gelowiges, wil die Here ons verseker daarvan dat Hy ons gekies het, ons skoongewas het deur die bloed van Christus, ons verseël het met die Heilige Gees.

Sing: Skrifberyming 1-1:6, 7

Ds. FG Lee (Hardus) (Derdepoort)